Hoe om ’n goeie landsburger te wees

Graad 6 tot 12

Ons is in Suid-Afrika/Namibië gebore en moet almal trots wees op ons land. Ons het ook ’n verantwoordelikheid om by te dra tot die sukses van die land.

Onderwerp: Burgerskap

Stappe

1. **Om ’n goeie landsburger te wees, moet jy:**
   - die omgewing bewaar en waardeer.
   - by die landswette hou.
   - respek hê vir ander en ander se eiendom.
   - saam met ander landsburgers die land verdedig met woord en daad.
   - lojaal wees teenoor die land.
   - ander kulture en tale in die land respekteer.
   - saam met ander in die land strewe na voorspoed vir die land.
   - die nasionale simbole van die land vereer.
   - by die reëls van die samelewing hou.
   - jou stemreg uitoefen.
2. Daar is weekliks reg oor die wêreld vasvrakompetisies wat bekend staan as “pub quizzes”, “live trivia” of “table quizzes”. Dit is waar spanne se algemene kennis oor ’n reeks van onderwerpe getoets word. Hierdie vasvra is deesdae baie gewild.

   Daar is verskillende maniere hoe dit gehou word. Spanne ding teen mekaar mee. Spanne bestaan gewoonlik uit 2 tot 8 persone. ’n Span kies ook ’n naam vir die span.

   Een metode is waar al die vrae aan elke span gegee word (vraag vir vraag) en hulle moet die antwoord op papier neerskryf. Na ’n aantal vrae (bv. 8) word die antwoorde geruil met ’n ander span. Die korrekte antwoorde word dan gelees. Die antwoorde word nagesien en ’n punt word gegee. Die totaal van elke span word dan neergeskryf. Die volgende rondte (8 vrae) volg. Aan die einde word die wenspanne aangekondig.
3. Hou so ’n vasvra tussen Voortrekkerspanne, in die kommando of tydens ’n kamp. Besluit self hoeveel spanne daar gaan wees en die aantal lede in ’n span. Volg die metode soos beskryf by punt 2.

   Jy benodig:
   - Papier en pen vir elke span
   - Vrae (Vrae vir vasvrae oor Suid-Afrika)
   - ’n Persoon wat die vrae vra (Quizmaster) en ’n persoon wat die punte bereke
   - Spanne

Wenke

1. Vrae kan vir al die spanne gelyk gevra word of elke span kan ’n verskillende vraag kry en net die span beantwoord dan die vraag. Dit kan spanne ongelukkig maak as hulle voel dat ander spanne “makliker” vrae gekry het.
2. Vrae kan ook op ’n skerm vertoon word. Dit is dikwels baie lawaaierig in so ’n vertrek en spanlede sukkel om die vraag te hoor.